In addition to the above-mentioned salary successful candidates will also be entitled to free uniform, shoe allowance of £3. 15s. per annum, an infectious disease allowance of £24 per annum, and local allowance of £30 per annum, and a cost of living allowance at the rates applicable to employees in the Public Service.

Recognition will be given for previous experience on the basis of one notch of the above-quoted salary scales for every two years past appropriate experience to a maximum of 2, 1, and 3 notches respectively.

Applications should be furnished on the prescribed form Z. 83 obtainable from the Secretary for Health, P.O. Box 386, Pretoria, or the Medical Superintendent, Nelspoort Sanatorium, P.O. Restvale.

## DEPARTEMENT VAN GESONDHEID.

### VAKATURES VIR HOSPITAALPERSONEEL.

Aansoeke om aanstelling in ondergenoemde betrekkings by die Nelspoort-sanatorium, Nelspoort, Kaapprovinsie, onder die Uniegesondheidsdepartement word van behoorlik gekwalifiseerde kandidate gevra:—

| Pos. | Salarisskaal. | Opmerkings. |
|---|---|---|
| Blanke Suster..... | £400 × £25–£500 × £30–£620.... | Kandidate moet as mediese en chirurgiese verpleegsters by die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad geregistreer wees. |
| Blanke Stafverpleegster..... | £360 × £20–£400 × £25–£450.... | Kandidate moet as mediese en chirurgiese verpleegsters by die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad geregistreer wees. |
| Blanke Vroulike Verpleegassistent..... | £200 × £20–£340..... | — |

Kandidate moet Suid-Afrikaanse burgers, burgers van 'n Statebondsland of van die Republiek Eire, en ten volle tweetalig wees en moet vir 'n tydperk van minstens drie jaar in die Unie van Suid-Afrika of Suidwes-Afrika gewoon het.

Van suksesvolle kandidate sal vereis word om 'n bevredigende gesondheid- en geboortesertifikaat in te dien.

Benewens bovermelde salaris sal suksesvolle kandidate ook geregtig wees tot vry uniforms, 'n skoentoelae van £3. 15s. per jaar, aansteeklike siekte-toelae van £24 per jaar, 'n plaaslike toelaag van £30 per jaar en lewenskostetoelae betaalbaar teen die tariewe van toepassing op werknemers in die Staatsdiens.

Vorige ondervinding sal by die vasstelling van beginsalarisse erken word op die grondslag van een kerf op bovermelde salarisskale vir elke twee jaar vorige toepaslike ondervinding tot 'n maksimum van onderskeidelik 2, 1, en 3 kerwe.

Daar moet aansoek gedoen word op die voorgeskrewe vorm Z. 83 wat verkrygbaar is by die Sekretaris van Gesondheid, Posbus 386, Pretoria, of die Mediese Superintendent, Nelspoort-sanatorium, Pk. Restvale.

14-21-28-5

Staff 2/14.

## TRANSVAAL PROVINCIAL ADMINISTRATION.

### * VACANCIES FOR INSPECTORS OF SCHOOLS.

Applications are invited from suitably qualified candidates for the posts specified in the appended schedule, in the Transvaal Provincial Administration.

Candidates must be South African citizens or citizens of a Commonwealth country or citizens of the Republic of Ireland, bilingual and have resided in the Union of South Africa or the Mandated Territory of South-West Africa for a period of at least three years.

The successful candidates will be subject to transfer as the exigencies of the service may demand.

Application must be made on the prescribed form Z. 83, obtainable from the Provincial Secretary, P.O. Box 383, Pretoria, to whom all applications must be addressed. Full particulars regarding qualifications and experience must be stated.

Original certificates and testimonials should *not* be submitted in the first instance.

| Particulars of Vacancy. | Emoluments. | Remarks. | Closing Date. |
|---|---|---|---|
| Inspector of schools..... | £900 × £40–£1,100 × £50–£1,200 (Improvement of scale at present under consideration) | Candidates must possess a recognised teachers' certificate and must indicate in which subjects they are prepared to undertake inspection in Secondary Schools | 20th December, 1952. |

Staf 2/14.

## TRANSVAALSE PROVINSIALE ADMINISTRASIE.

### * VAKATURES VIR INSPEKTEURS VAN SKOLE.

Aansoeke om die betrekking in die Transvaalse Provinsiale Administrasie soos in bygaande skedule vermeld, word van behoorlik gekwalifiseerde kandidate ingewag.

Kandidate moet Suid-Afrikaanse burgers of burgers van 'n Statebondsland of burgers van die Republiek Ierland wees, tweetalig, en woonagtig gewees het vir minstens drie jaar in die Unie van Suid-Afrika, of in die Mandaatgebied Suidwes-Afrika.

Die suksesvolle kandidate sal onderworpe wees aan oorplasing na gelang die behoeftes van die diens.

Aansoek moet gedoen word op die voorgeskrewe vorm Z. 83. Vorms is verkrygbaar van die Provinsiale Sekretaris, Posbus 383, Pretoria, aan wie alle aansoeke gerig moet word. Volle besonderhede van kwalifikasies en ondervinding moet vermeld word.

Oorsprongklike sertifikate en getuigskrifte moet vereers nie ingedien word nie.

| Besonderhede van Vakatures. | Besoldiging. | Opmerkings. | Sluitingsdatum. |
|---|---|---|---|
| Inspekteur van skole..... | £900 × £40–£1,100 × £50–£1,200 (Verbetering van skaal word oorweeg) | Kandidate moet in besit wees van 'n erkende onderwysersertifikaat en moet aantoon in watter vakke hulle bereid is om inspeksie in Sekondêre Skole te onderneem | 20 Desember 1952. |

21–28–5

## * VACANCY FOR A FULL-TIME CHAIRMAN OF THE SILICOSIS MEDICAL BUREAU, JOHANNESBURG.

Applications are invited for appointment on contract, for a period of three years renewable on the recommendation of the Public Service Commission, as Chairman of the Silicosis Medical Bureaux, Johannesburg, with salary at the rate of £2,100 per annum fixed. Cost of Living Allowance at Public Service rates at present amounting to £320 per annum in the case of married and £100 per annum in the case of single officers, is also payable.

## * VAKATURE VIR VOLTYDSE VOORSITTER VAN DIE MEDIESE SILIKOSEBURO, JOHANNESBURG.

Aansoeke word gevra om aanstelling op kontrak vir 'n tydperk van drie jaar, wat op aanbeveling van die Staatsdienskommissie hernu kan word, as Voorsitter van die Mediese Silikoseburo, Johannesburg, met 'n vaste salaris van £2,100 per jaar. Lewenskostetoelae teen die Staatsdienstarief wat op die oomblik £320 per jaar, in die geval van getroude, en £100 per jaar, in die geval van ongetroude beamptes bedra, is ook betaalbaar.

Candidates must be South African Citizens or Citizens of a Commonwealth country or Citizens of the Republic of Ireland, bilingual and have resided in the Union of South Africa or in South West Africa for at least three years and be registered with the South African Medical and Dental Council as medical practitioners. In addition it is desired that in terms of the recommendation of the Commission of Enquiry into the functioning of the Silicosis Medical Bureau and the Silicosis Medical Board of Appeal, the successful applicant should be a person of high prefessional standing with a wide clinical experience gained in private or hospital practice and a broad outlook on medicine. Organising and administrative ability is also essential.

Applicants must submit full and detailed particulars of their qualifications and previous experience but original certificates and testimonials should not be submitted in the first instance. The successful candidate will be required to submit satisfactory certificates of birth and health.

Application must be made on the prescribed forms Z. 83 and P.S.C. 8 (*a*) which are obtainable from the Secretary for Mines, New Standard Bank Buildings, Church Square, Pretoria, to whom completed forms must be addressed.

Closing date 15th December, 1952.

Kandidate moet Suid-Afrikaanse burgers of burgers van 'n Statebondsland of burgers van die Republiek Ierland en tweetalig wees en moet minstens drie jaar lank in die Unie van Suid-Afrika of in Suidwes-Afrika gewoon het en geregistreer- wees as mediese praktisyn by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad. Daarbenewens word verlang dat ooreenkomstig die aanbeveling van die Kommissie van Ondersoek na die funksionering van die Mediese Silikoseburo en die Mediese Silikoseraad van Appèl, die suksesvolle applikant 'n persoon van professionele aansien moet wees met uitgebreide kliniese ondervinding, in private of hospitaalpraktyk opgedoen, en 'n ruim kyk op die geneeskunde. Daarby is organisasie- en administrasievermoë 'n vereiste.

Applikante moet volledige besonderhede betreffende kwalifikasies en vorige ondervinding verstrek, maar oorspronklike sertifikate en getuigskrifte moet vereers nie ingedien word nie. Die suksesvolle kandidaat moet bevredigende geboorte- en gesondheidsertifikate indien.

Aansoek moet gedoen word op die voorgeskrewe vorms Z. 83 en S.D.K. 8 (*a*) wat verkrygbaar is by die Sekretaris van Mynwese, Nuwe Standardbankgebou, Kerkplein, Pretoria, aan wie ingevulde vorms gerig moet word.

Sluitingsdatum 15 Desember 1952.

# Official Publications Issued during October, 1952.

### BLUE BOOKS.

Annual Report of the Department of Mines including the Report of the Government Mining Engineer and the Geological Survey for the year ended 31st December, 1950 (U.G. 43/1951). Price 23s.

Second Annual Report of the National Work Colonies and Retreats Advisory Board (U.G. 35/52). Price 10s.

Sixth Annual Report of the Registrar of Banks for the period ended 31st December, 1951 (U.G. 43/1952). Price 4s.

Report of the Commissioner for Coloured Affairs for the year ended 31st March, 1952 (U.G. 45/1952). Price 2s. 9d.

Report of the Commission to Enquire into the Cement Shortage, 1952 (U.G. 46/1952). Price 4s. 6d.

### CENSUS SPECIAL REPORTS.

Agricultural Census No. 24, 1949/50, Special Report No. 9—Agricultural Crops. Price 6d.

First Census of Distribution and Service Establishments, 1946/47—Preliminary Reports. Price 6d. each.

No. 62—Factory Distribution—Bakeries.
No. 63—Factory Distribution—Non-alcoholic Drinks.
No. 64—Factory Distribution—Clothing.
No. 65—Factory Distribution—Saw Mills.

### TREATY SERIES.

No. 9/1952.—Agreement between the Government of the Union of South Africa and the Government of Southern Rhodesia for the Avoidance of Double Taxation and the Prevention of Fiscal Evasion in respect of Taxes on Incomes. Price 3d.

### MAPS.

1/18,000 Witwatersrand and Regional Topo Survey:—
Sheet No. 2627-G7—Grasmere.
Sheet No. 2627-H7—Grasmere.
Sheet No. 2628-J1—Meyerton.

1/50,000 S.A. Topo Series:—
Sheet No. 3318 BB—Strand.
Sheet No. 2627 DB—Vereeniging.
Sheet No. 2627 DA—Lindesques Drift.
Price 3s. 6d. per sheet.

### MISCELLANEOUS.

Monthly Abstract of Trade Statistics, July, 1952. Price 3s. 6d.

Onderstepoort Journal of Veterinary Research, Volume 25—No. 3—March, 1952. Price 5s.

Food and Cookery (The Housewife's Guide), Seventh Revised and Enlarged Edition. Price 7s. 6d.

OBTAINABLE FROM THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA AND CAPE TOWN.

# Offisiële Publikasies uitgegee gedurende Oktober, 1952.

### BLOUBOEKE.

Jaarverslag van die Departement van Mynwese insluitende Verslae van die Staatsmyningenieur en Geologiese Opname vir die jaar geëindig 31 Desember 1950 (U.G. 43/1951). Prys 23s.

Tweede Jaarverslag van die Nasionale Adviserende Raad vir Werkkolonies en Toevlugte (U.G. 35/1952). Prys 10s.

Sesde Jaarverslag van die Registrateur van Banke vir die tydperk geëindig 31 Desember 1951 (U.G. 43/1952). Prys 4s.

Verslag van die Kommissaris van Kleurlingsake vir die jaar geëindig 31 Maart 1952 (U.G. 45/1952). Prys 2s. 9d.

Verslag van die Kommissie van Ondersoek in sake die Sement Tekort, 1952 (U.G. 46/1952). Prys 4s. 6d.

### SENSUS SPESIALE VERSLAE.

Landbousensus No. 24, 1949/50, Spesiale Verslag No. 9—Landbou-oeste. Prys 6d.

Eerste Sensus van Distribusie- en Diensinrigtings, 1946/47, Voorlopige Verslae. Prys 6d. elk.

No. 62—Fabrieksdistribusie—Bakkerye.
No. 63—Fabrieksdistribusie—Alkoholvrye Dranke.
No. 64—Fabrieksdistribusie—Klerasie.
No. 65—Fabrieksdistribusie—Saagmeule.

### VERDRAGREEKS.

No. 9/1952.—Ooreenkoms tussen die Regering van die Unie van Suid-Afrika en die Regering van Suid-Rhodesië met die oog op die Vermyding van Fiskale Ontduiking met betrekking tot Belasting op Inkomste. Prys 3d.

### LANDKAARTE.

1/18,000—Witwatersrandse Topografiese Streeksopmeting:—
Vel No. 2627-G7—Grasmere.
Vel No. 2627-H7—Grasmere.
Vel No. 2628-J1—Meyerton.

1/50,000 S.A. Topo-reeks:—
Vel No. 3318 BB—Strand.
Vel No. 2627 DB—Vereeniging.
Vel No. 2627 DA—Lindeques Drift.
Prys 3s. 6d. elk.

### DIVERSE.

Maandelikse Uittreksel van Handelstatistiek, Julie 1952. Prys 3s. 6d.

Onderstepoort Journal of Veterinary Research, Volume 25—No. 3—March, 1952 (Alleen Engels). Prys 5s.

Kos en Kookkuns (Die Huisvrou se Gids), Sewende Hersiene en Verbeterde Druk. Prys 7s. 6d.

VERKRYGBAAR VAN DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA EN KAAPSTAD.

TRANSVAAL PROVINCIAL ADMINISTRATION. Staff 2/66/20.

VACANCIES: TEMPORARY DOGMASTER, TEMPORARY GARDENER AND TECHNICAL ASSISTANT (GRADE II).

Applications are invited from suitably qualified candidates for the posts specified in the appended Schedule in the Transvaal Provincial Administration.

Candidates must be South African citizens or citizens of a Commonwealth country or citizens of the Republic of Ireland, bilingual, and have resided in the Union of South Africa or the Mandated Territory of South West Africa for a period of at least three years.

The successful candidates will be subject to transfer as the exigencies of the service may demand.

Application must be made on the prescribed form (Z. 83), obtainable from the Provincial Secretary, P.O. Box 383, Pretoria, to whom all applications must be addressed. Full particulars regarding qualifications and experience must be stated.

Original certificates and testimonials should *not* be submitted in the first instance.

| Particulars of Vacancy. | Emoluments. | Remarks. | Closing Date. |
|---|---|---|---|
| Temporary gardener, Fauna and Flora, Branch Lydenburg (one post) | £450 × £25–£500 × £30–£620, plus cost of living allowance | Applicants must be qualified gardeners with a thorough knowledge of gardening and indigenous plants, and must have had experience of—<br>(i) layout and developing of sites;<br>(ii) weed eradication: Knowledge of the planting, care and couching of indigenous trees, shrubs and flowers will be a strong recommendation | 15/11/52 |
| Temporary dogmaster, Panfontein, District Bloemhof (one post) | £360 × £20–£400 × £25–£500, plus cost of living allowance | Young man with experience of hunting vermin with trained foxhounds preferred. Full particulars in respect of abovementioned experience must be furnished | 15/11/52 |
| Technical assistant, Grade II, Lydenburg (one post) | £150 × £15–£180–£200–£250 × £25–£350 × £30–£500, plus cost of living allowance | Knowledge of the nurture, breeding and spreading of fresh water fish will be a recommendation | 15/11/52<br>31–7–14 |

TRANSVAALSE PROVINSIALE ADMINISTRASIE. Staf 2/66/20.

VAKATURES: TYDELIKE HONDEMEESTER, TYDELIKE TUINIER EN TEGNIESE ASSISTENT (GRAAD II).

Aansoeke om die betrekking in die Transvaalse Provinsiale Administrasie soos in bygaande Skedule vermeld, word van behoorlik gekwalifiseerde kandidate ingewag.

Kandidate moet Suid-Afrikaanse burgers of burgers van 'n Statebondsland of burgers van die Republiek Ierland wees, tweetalig, en woonagtig gewees het vir minstens drie jaar in die Unie van Suid-Afrika, of in die Mandaatgebied Suidwes-Afrika.

Die suksesvolle kandidate sal onderworpe wees aan oorplasing na gelang die behoeftes van die diens.

Aansoek moet gedoen word op die voorgeskrewe vorm (Z. 83). Vorms is verkrygbaar van die Provinsiale Sekretaris, Posbus 383, Pretoria, aan wie alle aansoeke gerig moet word. Volle besonderhede van kwalifikasies en ondervinding moet vermeld word.

Oorspronklike sertifikate en getuigskrifte moet vereers nie ingedien word nie.

| Besonderhede van vakatures. | Besoldiging. | Opmerkings. | Sluitingsdatum. |
|---|---|---|---|
| Tydelike tuinier, Fauna en Floraafdeling Lydenburg (een pos) | £450 × £25–£500 × £30–£620, plus lewenskostetoelae | Applikante moet gekwalifiseerde tuiniers wees en moet ondervinding gehad het van—<br>(i) uitlê en ontwikkeling van terreine;<br>(ii) onkruidbestryding: kennis van die aanplant, versorging en kweek van inheemse bome, struike en blomme sal 'n sterk aanbeveling wees | 15/11/52 |
| Tydelike hondemeester (Panfontein, Distrik Bloemhof) (een pos) | £360 × £20–£400 × £25–£500, plus lewenskostetoelae | Jong man met ondervinding van die jag op ongediertes met opgeleide jakkalshonde verkies. Volledige besonderhede van bogemelde ondervinding moet verstrek word | 15/11/52 |
| Tegniese assistent, graad II, Lydenburg (een pos) | £150 × £15–£180–£200–£250 × £25–£350 × £30–£500, plus lewenskostetoelae | Kennis van die versorging en verspreiding van varswatervis sal 'n aanbeveling wees | 15/11/52<br>31–7–14 |

# PUBLIC SERVICE COMMISSION.

VACANCIES.

1. Applications are invited for appointment to the undermentioned posts in the Public Service of the Union of South Africa.

2. Candidates must be South African citizens or citizens of a Commonwealth country or citizens of the Republic of Ireland, bilingual and have resided in the Union of South Africa or in South West Africa for at least three years.

3. Successful candidates will be required to submit satisfactory certificates of birth and health and to serve on probation for at least twelve months.

4. In addition to salary on the scales of pay indicated, the following allowances are payable for the present, subject to review at any time:—

(*a*) *Cost of Living Allowance* (Union and South West Africa)—

| *Salary Group.* | *Married Officers.* | *Unmarried Officers.* |
|---|---|---|
| Over £150 to £200 per annum | £200 per annum. | £100 per annum. |
| Over £200 to £300 per annum | £240 per annum. | £100 per annum. |
| Over £300 to £350 per annum | £280 per annum. | £100 per annum. |
| Over £350 per annum | £320 per annum. | £100 per annum. |

(*b*) *Special Disability Allowance* (certain areas only).—A temporary disability allowance of £60 per annum (for married persons) and £30 per annum (for unmarried persons) to officers on the permanent staff stationed in Pretoria, on the Witwatersrand and in Vereeniging, provided the basic salary (excluding cost of living allowance) plus disability allowance in the case of married officers does not exceed £690 per annum and in the case of unmarried officers, £360 per annum.

(*c*) *Territorial Allowance* (South West Africa only).—In South West Africa Administration a territorial allowance at the rate of £60 per annum in the case of married officers and £30 per annum in the case of single officers.

5. *Applicants must submit full and detailed particulars of their qualifications and previous experience, but original certificates and testimonials should not be submitted.* Successful applicants, however, will be required to produce documentary evidence of compliance with the advertised requirements before they will be permitted to assume duty.

6. Applications must be made on the prescribed forms [Z. 83 and P.S.C. 8 (*a*)*] which are obtainable from the Secretary, Public Service Commission, Union Buildings, Pretoria, to whom filled in forms must be addressed. A separate application form must be submitted in respect of *each vacancy*, and candidates must indicate clearly the post for which they wish to be considered—*the reference number of the vacancy shown in the first column hereunder should be quoted.*

7. The closing date for the receipt of applications is the 6th December, 1952.

8. Telephone enquiries may be made to Pretoria No. 2-6751.

* Applicable only in the case of posts in the Professional Division (Higher Branch)

---

## PROFESSIONAL DIVISION (HIGHER BRANCH).

| Reference No. | Post to be Filled. | Salary Scale. | Department. | Qualifications. | Remarks. |
|---|---|---|---|---|---|
| 81/20/261.. | Medical Officer..... | £900 × £50–£1,150... | Health (Mental Hospital Service) | Registration with the South African Medical and Dental Council as a medical practitioner | — |
| 81/14/123.. | Assistant Mine Surveyor.. | £900 × £50–£1,050... | Mines (Office of the Government Mining Engineer, Johannesburg) | Applicants must be certificated mine surveyors | A university degree in engineering will be a recommendation. |
| 81/14/131.. | Assistant Inspector of Mining Leases | £900 × £50–£1,050... | Mines (Office of the Government Mining Engineer, Johannesburg) | Applicants must be certificated mine surveyors | A university degree in engineering or a mine manager's certificate of competency (first class) will be a recommendation. |
| 81/20/239.. | Dentist..... | £900 × £50–£1,050... | Health (Head Office).. | Registration with the South African Medical and Dental Council as a dentist | — |
| 81/14/127.. | Assistant Inspector of Machinery | £650 × £50–£900..... | Mines (Brakpan and Germiston) | (i) Government certificate of competency in mechanical or electrical engineering for mines and works provided that no officer of this class shall progress beyond the £750 notch of the relative scale unless and until he has secured the alternate certificate, *Or*<br>(ii) a university degree certificate in mechanical and/or electrical engineering and satisfactory practical experience, provided that no officer in this class shall progress beyond the £750 notch of the relative scale unless and until he has secured either the Mechanical or the Electrical Engineer's Certificate of Competency for Mines and Works and provided further that no such officer shall progress beyond the grade of assistant inspector unless he has secured both the above-mentioned Certificates of Competency | Commencing salaries in excess of the minimum notch of the relative scale will be granted on the following basis:—<br>(*a*) Possession of two of the four certificates mentioned in the preceding column under "Qualifications": £700 per annum.<br>(*b*) Possession of three or four of the four certificates mentioned in the preceding column: £750 per annum.<br>(*c*) In addition to (*a*) and (*b*) above commencing salaries may be advanced on the relative scale in recognition of appropriate experience.<br>The extent to which higher commencing salaries may be granted will be limited to the salary barrier of £750 per annum, in the case of candidates who possess only one or both of the degrees mentioned. |
| 81/23/119.. | Professional Officer (Physicist) | £650 × £50–£900..... | Education, Arts and Science (Union Observatory, Johannesburg) | (i) A B.Sc. degree with physics as a major subject or a university degree in electrical engineering<br>(ii) Candidates must have a thorough knowledge of and previous experience in radio and communications | — |
| 81/1/398... | Engineer, Grade IV (Agriculture), (Lecturer in Engineering) | £400 × £50–£900..... | Agriculture (Agricultural College, Glen) | B.Sc. degree in agriculture or civil engineering | In the discretion of the Commission appropriate experience may be recognized in determining the commencing salary. |
| 81/25/172.. | Engineer, Grade IV..... | £400 × £50–£900..... | Natal Provincial Administration (Architectural Branch, Pietermaritzburg) | B.Sc. (Civil Engineering) degree or recognized equivalent qualification | Experience in the structural design of buildings will be a recommendation. In the discretion of the Commission, the commencing salary will be determined on the basis of one notch on the scale for each complete year of appropriate experience gained after complying with the minimum professional requirements for appointment, up to a maximum of five years. |
| 81/26/39... | Roads Engineer, Grade II | £400 × £50–£900..... | Orange Free State Provincial Administration | B.Sc. (Civil Engineering) degree or recognized equivalent qualification | Experience in road construction, road survey, location and design as well as general administrative experience will be a recommendation. In the discretion of the Commission, commencing salaries will be determined on the basis of one notch on the scale for each complete year of appropriate experience gained after complying with the minimum professional requirements for appointment, up to a maximum of five years. |
| 81/1/391... | Assistant Professional Officer (Chemistry) | *£350 × £50–£650..... | Agriculture (Division of Chemical Services Pretoria, Johannesburg and Cape Town) | B.Sc. degree with chemistry as a major subject | Higher qualifications will be a recommendation. The payment of a commencing salary higher than the minimum notch of the scale will be considered in respect of higher professional qualifications and/or appropriate experience. |
| 81/28/1.... | Assistant Professional Officer (Bio-chemistry) | *£350 × £50–£650..... | Nutrition (Pretoria)... | A B.Sc. degree with chemistry and physiology or bio-chemistry as major subjects | In the discretion of the Commission, appropriate experience may be recognized in determining the commencing salary. |
| 81/33/64... | Junior Meteorologist..... | *£350 × £50–£650..... | Transport (Weather Bureau, Pretoria) | B.Sc. (or equivalent) degree with physics, mathematics or applied mathemaitcs as major subject | In the discretion of the Commission, appropriate experience may be recognized in determining the commencing salary. |

* Where possession of a university degree is a requirement for appointment to the junior professional grades (salary scale £350 × £50–£650) successful candidates may also be granted commencing salaries in excess of the minimum notch of the scale in consideration of their having successfully undertaken a four years' or longer course for a degree which is appropriate to the work they will be required to perform or in recognition of an appropriate Master's or Doctor's degree.

## PROFESSIONAL DIVISION (LOWER BRANCH).

| Reference No. | Post to be Filled. | Salary Scale. | Department. | Qualifications. | Remarks. |
|---|---|---|---|---|---|
| 81/14/132.. | Senior Draughtsman..... | £620 × £30–£740..... | Mines (Mine Survey Section, Johannesburg) | (i) Junior (or equivalent) certificate;<br>(ii) Candidates must be trained mine draughtsmen and capable of laying down and plotting any type of mine plan from survey data | Additional experience in the wider reaches of draughtsmanship, especially those listed below, will be a recommendation:—<br>(*a*) graphical interpretation of the third dimension;<br>(*b*) construction of cross-sectional views;<br>(*c*) compilation and interpretation of regional, topographical, mine and geological plans;<br>(*d*) preparation of drawings for reproduction, black-on-white or in colour;<br>(*e*) pictorial and diagrammatic illustration of technical writing and graphical interpretation of statistics. |
| 81/6/13.... | Clerk of Works..... | £500 × £30–£620..... | Forestry (Pretoria).... | Candidates should have a thorough knowledge of all phases of building construction | Experience in administrative and drawing work will be a recommendation.<br>Although the headquarters of the incumbent of the post are at Pretoria, he will often be required to inspect buildings and construction work in any part of the country. |
| 81/25/149.. | Clerk of Works..... | £500 × £30–£620..... | Natal Provincia Administration (Architectural Branch Dundee, Durban and Pietermaritzburg) | Candidates should be under 45 years of age and should be qualified building artisans with an expert knowledge of their own trade and a good general knowledge of detailed practice in all other building trades, combined with a thorough knowledge of the qualities of all building materials | Candidates must be able to write concise reports, prepare specifications, drawings and quantities for minor works, have a competent knowledge of prices, costs and estimating in all building trades, be conversant with and be able to read and interpret building plans and drawings and bills of quantity, knowledge of elementary surveying, levelling, locating and setting out works, have had experience as Clerks of Works or as Builders' Foremen or Chargehands. Consideration will be given to recognized technical certificates, but practical experience is essential. |
| 81/20/253.. | Health Inspector..... | £350 × £30–£620..... | Health (Pietersburg, Tzaneen, Nongoma, Pietermaritzburg and Durban) | R.S.I Certificate..... | In the discretion of the Commission, appropriate experience may be recognized in determining the commencing salary. |
| 81/14/113.. | Radiographer, Grade II .. | £350 × £30–£560..... | Mines (Silicosis Medical Bureau, Johannesburg) | Membership of the Society of Radiographers | — |
| 81/1/442... | Special Grade Woman Technical Assistant | £350 × £30–£500..... | Agriculture (Division of Botany, Pretoria) | Matriculation (or equivalent) certificate with botany or biology as a subject and a diploma or university degree in art | Samples of lettering and at least three illustrations of plants with dissections of flowers to accompany application. Applicants must be prepared to undergo a practical test under supervision. |
| 81/25/178.. | Engineering Assistant, Grade II | £180–£200–£250 × £25–£350 × £30–£500 | Natal Provincial Administration (Architectural Branch, Pietermaritzburg) | Matriculation (or equivalent) certificate | Experience of draughting work will be a recommendation. In the discretion of the Commission, appropriate experience may be recognized in determining the commencing salary. |

## GENERAL DIVISION (PRESCRIBED).

| Reference No. | Post to be Filled. | Salary Scale. | Department. | Qualifications. | Remarks. |
|---|---|---|---|---|---|
| 81/15/48... | Instructress (Housecraft or Domestic Science). (1 Principal and 1 Assistant) | Matriculation plus professional course(s) of—<br>One year: £280 × £20–£600<br>Two years: £320 × £20–£680<br>Three years: £360 × £20–£700<br>Four years: £400 × £20–£720<br>Five years: £440 × £20–£740<br>Six years: £480 × £20–£760 | Native Affairs (Mears School, Mbuto) | Matriculation (or equivalent) certificate plus a teacher's certificate in domestic science (e.g. The National Domestic Science Teacher's Certificate) | Applicants must not be less than 30 years of age. A knowledge of Native rural needs and conditions of life and ability to speak a Native language (preferably Xosa) will be a recommendation.<br>An official residence at the usu rental is available for the Principal who is expected to accommodate the Assistant. |
| 81/15/56... | Fingerprint Assistant..... | £165–£180–£200–£250 × £25–£350 × £30–£620 | Native Affairs (Fingerprint Registry, Central Reference Bureau for Native Affairs, Pretoria) | A Standard VII or higher certificate | Candidates will be paid commencing salaries in accordance with their educational qualifications, as follows:—<br>(*a*) Std. VII, VIII or IX, £165 per annum.<br>(*b*) Matriculation certificate, £180 per annum.<br>In the discretion of the Commission, appropriate experience may also be recognized in determining the commencing salary. |
| 81/29/79... | Welfare Officer and Superintendent of Native Reserves | £280 × £20–£400 × £25–£500 | South West Africa Administration | Applicants for the post must—<br>(i) be at least 21 years of age and be in possession of the junior (or equivalent) certificate;<br>(ii) have experience of and an aptitude for handling natives;<br>(iii) be able to drive a motor vehicle and to effect minor repairs thereto;<br>(iv) have a good knowledge of pumping appliances, windmills and motors; and<br>(v) have a knowledge of elementary accounting work | A knowledge of one of the South West African Native dialects, of agriculture and animal husbandry will be a recommendation.<br>In the discretion of the Commission, appropriate experience may be recognized in determining the commencing salary.<br>Applications are invited preferably from single persons as accommodation is not easily obtainable. |

# STAATSDIENSKOMMISSIE.

## VAKATURES.

1. Aansoeke word ingewag vir aanstelling in ondergenoemde poste in die Staatsdiens van die Unie van Suid-Afrika.
2. Kandidate moet Suid-Afrikaanse burgers of burgers van 'n Statebondsland of burgers van die Republiek Ierland en tweetalig wees en moet minstens drie jaar in die Unie van Suid-Afrika of in Suidwes-Afrika gewoon het.
3. Suksesvolle kandidate moet bevredigende geboorte- en gesondheidsertifikate indien en sal vir minstens twaalf maande op proef aangestel word.
4. Behalwe salaris op die aangeduide salarisskaal word die volgende toelaes tans betaal, onderworpe aan hersiening te eniger tyd:—

(*a*) *Lewenskostetoelae* (Unie en Suidwes-Afrika):—

| *Salarisgroep.* | *Getroude amptenare.* | *Ongetroude amptenare.* |
|---|---|---|
| Oor £150 tot £200 per jaar | £200 per jaar. | £100 per jaar. |
| Oor £200 tot £300 per jaar | £240 per jaar. | £100 per jaar. |
| Oor £300 tot £350 per jaar | £280 per jaar. | £100 per jaar. |
| Oor £350 per jaar | £320 per jaar. | £100 per jaar. |

(*b*) *Spesiale agterstandstoelae* (slegs sekere gebiede).—'n Tydelike agterstandstoelae van £60 per jaar (vir getroudes) en £30 per jaar (vir ongetroudes) aan amptenare op die vaste diensstaat wat in Pretoria, op die Witwatersrand en in Vereeniging gestasioneer is, mits die basiese salaris (lewenskostetoelae uitgesluit) plus agterstandstoelae in die geval van getroude amptenare nie £690 per jaar oorskry nie, en in die geval van ongetroude amptenare hoogstens £360 per jaar beloop.

(*c*) *Gebiedstoelae* (alleen Suidwes-Afrika).—In die Suidwes-Afrika Administrasie 'n gebiedstoelae teen die koers van £60 per jaar in die geval van getroudes en £30 per jaar in die geval van ongetroudes.

5. *Applikante moet volledige besonderhede betreffende kwalifikasies en ondervinding verstrek, maar oorspronklike sertifikate en getuigskrifte moet nie ingedien word nie.* Suksesvolle applikante sal egter dokumentêre bewys van voldoening aan die geadverteerde vereistes moet voorlê alvorens hulle toegelaat sal word om diens te aanvaar.
6. Aansoek moet gedoen word op die voorgeskrewe vorms [Z. 83 en S.D.K. 8 (*a*)*] wat verkrygbaar is van die Sekretaris, Staatsdienskommissie, Uniegebou, Pretoria, aan wie ingevulde vorms gerig moet word. 'n Aparte aansoekvorm moet ingedien word vir *elke vakature* en kandidate moet duidelik meld vir welke pos hulle in aanmerking wil kom. *Die verwysingsnommer aangedui in die eerste kolom hieronder moet aangehaal word.*
7. Die sluitingsdatum vir die ontvangs van aansoeke is 6 Desember 1952.
8. Telefoniese navrae kan aan Pretoria nommer 2–6751 gerig word.

* Slegs van toepassing op poste in die Vakkundige Afdeling (Hoër Tak).

## VAKKUNDIGE AFDELING (HOËR TAK).

| Verwysingsnommer. | Pos wat gevul moet word. | Salarisskaal. | Departement. | Kwalifikasies. | Opmerkings. |
|---|---|---|---|---|---|
| 81/20/261.. | Mediese Beampte..... | £900 × £50–£1,150.. | Gesondheid (Sielsiekehospitaaldiens) | Registrasie as mediese praktisyn by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad | — |
| 81/14/123.. | Assistent-mynopmeter..... | £900 × £50–£1,050.. | Mynwese (Kantoor van die Staatsmyningenieur, Johannesburg) | Applikante moet gediplomeerde mynopmeters wees | 'n Universiteitsgraad in ingenieurswese sal 'n aanbeveling wees. |
| 81/14/131.. | Assistent-inspekteur van Mynhuurkontrakte | £900 × £50–£1,050.. | Mynwese (Kantoor van die Staatsmyningenieur, Johannesburg) | Applikante moet gediplomeerde mynopmeters wees | 'n Universiteitsgraad in ingenieurswese of 'n sertifikaat van bevoegdheid as mynbestuurder (eersteklas) sal 'n aanbeveling wees. |
| 81/20/239.. | Tandarts..... | £900 × £50–£1,050.. | Gesondheid (Hoofkantoor) | Registrasie as tandarts by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad | — |
| 81/14/127.. | Assistent-inspekteur van Masjinerie | £650 × £50–£900..... | Mynwese (Brakpan en Germiston | (i) Goewermentsertifikaat van bevoegdheid in werktuigkundige of elektrotegniese ingenieurswese vir myne en bedrywe, met dien verstande dat geen amptenaar van hierdie klas hoër as die kerf £750 per jaar van die betrokke skaal mag vorder nie tensy en aleer hy die alternatiewe sertifikaat verwerf het; *of*<br>(ii) 'n Universiteitsgraadsertifikaat in werktuigkundige en/of elektrotegniese ingenieurswese en bevredigende praktiese ondervinding, met dien verstande dat geen amptenaar in hierdie klas hoër as die kerf £750 per jaar van die betrokke skaal mag vorder nie tensy en aleer hy die sertifikaat van bevoegdheid in of werktuigkundige of elektrotegniese ingenieurswese vir myne en bedrywe verwerf het; en voorts met dien verstande dat so'n amptenaar nie hoër as die graad van assistent-inspekteur mag vorder tensy hy albei bogenoemde bevoegdheidsertifikate verwerf het nie | Aanvangsalarisse hoër as die minimum kerf van die betrokke skaal sal op onderstaande grondslag toegeken word:—<br>(*a*) Besit van twee van die vier sertifikate wat in die voorafgaande kolom onder „Kwalifikasies" genoem word £700 per jaar.<br>(*b*) Besit van drie of vier van die vier sertifikate wat in die voorafgaande kolom genoem word, £750 per jaar.<br>(*c*) Benewens (*a*) en (*b*) kan aanvangsalarisse ter erkenning van toepaslike ondervinding op die betrokke skaal verhoog word.<br>Die toekenning van hoër aanvangsalarisse sal in die geval van kandidate wat net een van of albei die aangeduide grade besit, tot die salarisgrens van £750 per jaar beperk word. |
| 81/23/119.. | Vakkundige Beampte (Natuurkundige) | £650 × £50–£900.... | Onderwys, Kuns en Wetenskap (Uniesterrewag, Johannesburg) | (i) 'n B.Sc.-graad met natuurkunde as hoofvak of 'n universiteitsgraad in elektrotegniese ingenieurswese<br>(ii) Kandidate moet 'n deeglike kennis van en vorige ondervinding in radio en kommunikasies hê | — |
| 81/1/398... | Ingenieur, Graad IV (Landbou), (Lektor in ingenieurswese) | £400 × £50–£900.... | Landbou (Landboukollege, Glen) | B.Sc.-graad in landbou of siviele ingenieurswese | By die vasstelling van die aanvangsalaris kan die Kommissie na goeddunke, toepaslike ondervinding erken. |
| 81/25/172.. | Ingenieur, Graad IV..... | £400 × £50–£900.... | Natalse Provinsiale Administrasie (Argiteksafdeling, Pietermaritzburg) | B.Sc.- (siviele ingenieurswese) graad of erkende gelykwaardige kwalifikasie | Ondervinding in bou-ontwerp van geboue sal 'n aanbeveling wees. Aanvangsalarisse sal, na goeddunke van die Kommissie, bepaal word op die grondslag van een kerf op die skaal vir elke volle jaar van toepaslike ondervinding opgedoen, nadat aan die minimum professionele vereistes vir aanstelling voldoen is, tot 'n maksimum van vyf jaar. |
| 81/26/39... | Paaie-ingenieur, Graad II. | £400 × £50–£900.... | Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat | B.Sc.- (siviele ingenieurswese) graad of erkende gelykwaardige kwalifikasie | Ondervinding van padbou, die opmeting van paaie, ligging en ontwerp, asook algemene administratiewe ondervinding sal 'n aanbeveling wees. Aanvangsalarisse sal, na goeddunke van die Kommissie, bepaal word op die grondslag van een kerf op die skaal vir elke volle jaar van toepaslike ondervinding opgedoen nadat aan die minimum professionele vereistes vir aanstelling voldoen is, tot 'n maksimum van vyf jaar. |
| 81/1/391... | Assistent - Vakkundige Beampte (Skeikunde) | *£350 × £50–£650... | Landbou (Afdeling Skeikundige Diens, Pretoria, Johannesburg en Kaapstad) | B.Sc.-graad met skeikunde as 'n hoofvak | Hoër kwalifikasies sal 'n aanbeveling wees. Die betaling van 'n aanvangsalaris hoër as die minimum kerf van die skaal sal ten opsigte van hoër professionele kwalifikasies en/of toepaslike ondervinding oorweeg word. |

| Verwysingsnommer. | Pos wat gevul moet word. | Salarisskaal. | Departement. | Kwalifikasies. | Opmerkings. |
|---|---|---|---|---|---|
| 81/28/1.... | Assistent - vakkundige Beampte (Biochemie) | *£350 × £50–£650... | Voeding (Pretoria).... | 'n B.Sc.-graad met skeikunde en fisiologie of biochemie as hoofvakke | By die vasstelling van die aanvangsalaris kan die Kommissie, na goeddunke, toepaslike ondervinding erken. |
| 81/33/64... | Junior Weerkundige..... | *£350 × £50–£650... | Vervoer, (Weerburo, Pretoria) | 'n B.Sc. (of gelykwaardige) graad met fisika, wiskunde of toegepaste wiskunde as hoofvak | By die vasstelling van die aanvangsalaris kan die Kommissie, na goeddunke, toepaslike ondervinding erken. |

* Waar die besit van 'n universiteitsgraad 'n vereiste vir aanstelling in die junior vakkundige grade is (salarisskaal, £350 × £50–£650) kan aan suksesvolle kandidate 'n hoër aanvangsalaris as die minimum kerf van die skaal toegestaan word as hulle 'n kursus van vier jaar of langer vir 'n graad wat verband hou met die werk wat hulle sal moet verrig, met welslae deurgemaak het, of ter erkenning van 'n meesters- of doktorsgraad wat ook met genoemde werk verband hou.

## VAKKUNDIGE AFDELING (LAER TAK).

| Verwysingsnommer. | Pos wat gevul moet word. | Salarisskaal. | Departement. | Kwalifikasies. | Opmerkings. |
|---|---|---|---|---|---|
| 81/14/132.. | Senior Tekenaar..... | £620 × £30–£740.... | Mynwese (Afdeling Mynopmeting, Johannesburg) | (i) Junior (of 'n gelykwaardige) sertifikaat;<br>(ii) kandidate moet opgeleide myntekenaars en bevoeg wees om enige soort mynkaart neer te lê en volgens opmetingsgegewens in tekening te bring | Aanvullende ondervinding van groter omvang in die vak van tekenkuns, veral in die rigtings hieronder aangedui, sal 'n aanbeveling wees:—<br>(*a*) driedimensionele voorstelling;<br>(*b*) ontwerping van deursnee;<br>(*c*) samestelling en verklaring van streeks-, topografiese, myn- en geologiese kaarte;<br>(*d*) opmaak van tekeninge vir afdrukwerk of swart-op-wit of gekleurd;<br>(*e*) afbeeldende en diagrammatiese illustrasie van tegniese geskifte en grafiese uitlegging van statistiek. |
| 81/6/13.... | Klerk van Werke..... | £500 × £30–£620.... | Bosbou (Pretoria)..... | Kandidate moet 'n deeglike kennis hê van al die fases van boukonstruksie | Ondervinding van administratiewe en tekenwerk sal 'n aanbeveling wees. Alhoewel die hoofkwartier van die bekleër van die pos te Pretoria is, sal hy dikwels geboue en bouwerke in enige deel van die land moet inspekteer |
| 81/25/149.. | Klerk van Werke..... | £500 × £30–£620.... | Natalse Provinsiale Administrasie (Argiteksafdeling, Dundee, Durban en Pietermaritzburg) | Kandidate moet onder 45 jaar oud wees en moet gekwalifiseerde bouwerksmanne wees met 'n deskundige kennis van hul eie ambag en 'n goeie algemene kennis van besonderhede van die praktyk in alle ander bouvakke, tesame met 'n deeglike kennis van die gehalte, en eienskappe van alle soorte boumateriaal | Kandidate moet in staat wees om beknopte verslae te skryf; spesifikasies, tekeninge en hoeveelheidslyste vir werke op klein skaal op te stel; 'n toereikende kennis van pryse, koste en beramings in alle bouvakke hê; vertroud wees met en in staat wees om bouplanne, tekeninge en hoeveelheidslyste te lees en te vertolk; kennis dra van elementêre opmeting, die gelykmaak van grondterreinbeplanning en die rangskikking van werke; en as klerk van werke, bouvoorman of verantwoordelike assistent ondervinding opgedoen het. Erkende tegniese sertifikate sal in aanmerking geneem word maar praktiese ondervinding is noodsaaklik. |
| 81/20/253.. | Gesondheidsinspekteur.... | £350 × £30–£620.... | Gesondheid (Pietersburg, Tzaneen, Nongoma, Pietermaritzburg en Durban) | „ R.S.I."-sertifikaat..... | By die vasstelling van die aanvangsalaris kan die Kommissie, na goeddunke, ondervinding in hierdie soort werk erken. |
| 81/14/113.. | Radiografis, Graad II..... | £350 × £30–£560.... | Mynwese (Mediese Silikoseburo, Johannesburg) | Lidmaatskap van die Vereniging van Radiografiste | — |
| 81/1/442... | Spesiale Graad, Vroulike Tegniese Assistent | £350 × £30–£500.... | Landbou (Afdeling Plantkunde, Pretoria) | Matrikulasie (of 'n gelykwaardige) sertifikaat met plantkunde of biologie as 'n vak en 'n diploma of universiteitsgraad in kuns | Voorbeelde van ettertipes en minstens drie illustrasies van plante met ontledings van blomme moet die aansoeke vergesel. Applikante moet bereid wees om 'n praktiese toets onder toesig te ondergaan. |
| 81/25/178.. | Ingenieurs-assistent, Graad II | £180–£200–£250 × £25 £350 × £30–£500 | Natalse Provinsiale Administrasie (Argiteksafdeling, Pietermaritzburg) | Matrikulasie (of 'n gelykwaardige) sertifikaat | Ondervinding in tekenwerk sal 'n aanbeveling wees. By die vasstelling van die aanvangsalaris kan die Kommissie, na goeddunke, toepaslike ondervinding erken. |

## ALGEMENE AFDELING (VOORGESKREWE).

| Verwysingsnommer. | Pos wat gevul moet word. | Salarisskaal. | Departement. | Kwalifikasies. | Opmerkings. |
|---|---|---|---|---|---|
| 81/15/48... | Instruktrise (Huisvlyt of Huishoudkunde) (een Prinsipaal en een Assistent) | Matrikulasie plus professionele kursus(se) van:—<br>Een jaar: £280 × £20–£600<br>Twee jaar: £320 × £20–£680<br>Drie jaar: £360 × £20–£700<br>Vier jaar: £400 × £20–£720<br>Vyf jaar: £440 × £20–£740<br>Ses jaar: £480 × £20–£760 | Naturellesake (Mearsskool, Mbuto) | Matrikulasie (of 'n gelykwaardige) sertifikaat plus 'n Onderwysersertifikaat in Huishoudkunde (bv. Nasionale Onderwysersertifikaat in Huishoudkunde) | Applikante moet minstens 30 jaar oud wees. Kennis van plattelandse behoeftes en lewensomstandighede van naturelle en die vermoë om 'n naturelletaal (verkieslik Xosa) te praat, sal 'n aanbeveling wees. 'n Amptelike woning is teen gewone huurgeld beskikbaar vir die prinsipale van wie verwag word om kosies en inwoning aan die assistente te verskaf. |
| 81/15/56... | Vingerafdrukassistent..... | £165–£180–£200–£250 × £25–£350 × £30–£620 | Naturellesake (Vingerafdrukregistrasie, Sentrale Bewysburo vir Naturellesake, Pretoria) | Standerd VII of hoër sertifikaat.... | Aanvangsalarisse ooreenkomstig onderwyskwalifikasies sal as volg aan suksesvolle kandidate betaal word:—<br>(*a*) Standerds VII, VIII of IX, £165 per jaar.<br>(*b*) Matrikulasie sertifikaat, £180 per jaar.<br>By die vasstelling van die aanvangsalaris kan die Kommissie, na goeddunke, ook toepaslike ondervinding erken. |
| 81/29/79... | Welsynsbeampte en Superintendent van Naturellereserwes | £280 × £20–£400 × £25–£500 | Administrasie van Suidwes-Afrika | Applikante om die pos moet—<br>(i) ten minste 21 jaar oud en in besit van die Junior (of gelykwaardige) sertifikaat wees;<br>(ii) ondervinding en aanleg hê om met naturelle te werk;<br>(iii) in staat wees om 'n motorvoertuig te bestuur en om minder belangrike herstelwerk daaraan te doen;<br>(iv) 'n goeie kennis van pomptoestelle, windpompe en motore hê; en<br>(v) kennis van eenvoudige rekeningkunde hê. | Kennis van een van die Suidwes Afrikaanse naturelledialekte en van landbou en veeteelt sal 'n aanbeveling wees.<br>By die vasstelling van die aanvangsalaris kan die Kommissie, na goeddunke, toepaslike ondervinding erken.<br>Aansoeke word ingewag van ongetroude persone, by voorkeur, aangesien huisvesting moeilik bekombaar is. |

7–14–21

# IMPORTANT.

## AMENDED CLOSING TIMES FOR LEGAL NOTICES.

As Tuesday, 16th, Thursday, 25th, and Friday, 26th December, 1952, and Thursday, 1st January, 1953, are public holidays, legal notices should be dispatched to reach this office *not later than* 11 *o'clock in the forenoon on*—

(1) Friday, 12th December, for insertion in the *Government Gazette* of Friday, 19th December, 1952;
(2) Friday, 19th December, for insertion in the *Government Gazette* of Wednesday, 24th December, 1952;
(3) Monday, 29th December, for insertion in the *Government Gazette* of Friday, 2nd January, 1953.

Late notices will be published in the subsequent issues unless otherwise instructed.

S. A. MYBURGH,
Government Printer.

# BELANGRIK.

## GEWYSIGDE SLUITINGSTYE VIR WETLIKE KENNISGEWINGS.

Aangesien Dinsdag, 16, Donderdag, 25 en Vrydag, 26 Desember 1952, en Donderdag, 1 Januarie 1953, openbare vakansiedae is, moet wetlike kennisgewings versend word om hierdie kantoor te bereik *uiterlik om* 11-*uur voormiddag op*—

(1) Vrydag, 12 Desember, vir plasing in die *Staatskoerant* van Vrydag, 19 Desember 1952;
(2) Vrydag, 19 Desember, vir plasing in die *Staatskoerant* van Woensdag, 24 Desember 1952;
(3) Maandag, 29 Desember, vir plasing in die *Staatskoerant* van Vrydag, 2 Januarie 1953.

Laat kennisgewings word, tensy anders versoek, in die volgende uitgawes geplaas.

S. A. MYBURGH,
Staatsdrukker.

7-14-21-28-5-12-19-24

# *Legal Advertisements—Wetlike Advertensies*

## BUSINESS NOTICES.—BESIGHEIDSKENNISGEWINGS.

### Sale, Transfer, Change in Partnerships.—Verkoop, Oordrag, Verandering van Vennote.

### TRANSVAAL.

#### KENNISGEWING.

Kennis word hiermee gegee dat die besighede van algemene handelaar tevore deur GEORGE LUTZ te Coetzeestroom en Berlin, Pk. Kaapschehoop, gedrywe, deur hom aan MNR. PHILIPPUS JACOBUS WILHELM SCHUTTE verkoop is en dat hy dié onder die naam van BOSBOU HANDELAARS vir eie voordeel sal drywe.—Aling & Streak, Prokureurs vir Partye, Posbus 23, Nelspruit, 28 Oktober 1952. 12216—7-14-21

#### NOTICE.

